

Dink
Johannes Cornelius?

Ek is in 1894 gebore op Valleifontein Dist. Lichtenburg.

In 1899 het die oorlog uitgebreek. My vader, was toe opgeroep en my moeder, het met ons vier kinders op die plaas gebly. Daar was nie veel mense op die plaas nie net ons familie.

Een aand het almal gevlug na die ou skooltjie vir veiligheid en ons nooit laat weet nie. Ons het maar daar in ons huis gebly, die kaffirs sou glo daardie aand ons aangeval het maar my moeder het niks daarvan gewet nie. Ons hoor eers die ander dag daarvan. Hulle het glo mekaar byna dood getrap van angs. Die skool was klein en baie van Crootfontein en ander plaase se mense was ook daar.

Een aand het die maxim ons huis een kant getref, en ons was bang. My vader se lande was net reg om te oes, alles moes ons net so laat staan en vlug. My vader het toe huis toe gekom, en ek onthou ons het met een wa en osse weg gevlug met 'n paar nodige goedjies na Molopo-oog. Ons het gedink om terug huis toe te kom maar het verneem dat dit te gevaarlik was, ons sou almal vermoor word.

Toe kom my vader weer en neem ons na Lichtenburg, my moeder se twee susters het daar gebly in Burgersdorp. Daar het ons in een tent gebly op die een erf van hulle. Een nag moes ons weer vlug, ons het gehoor dat die Kaffirs Lichtenburg sou aanval. Daardie nag was ons almal in die Blou klip kerk dit was een vreeslike gewoel, honderde kinders en groot mense saam, daar was baie geraas, toe skreeu die een vrou „bly tog stil die kaffers hoor ons en sal ons vermoor“.

Ek kan nie meer onthou of ons geslaap het nie, of geëet het nie of wanneer ons weer Burgersdorp toe ge gaan het nie, ek weet die ander dag het daar groot klompe blikke vleis en ander winkles gebrand. Party mense het van die kos uit gehaal.

Later het my vader ons weer kom haal en ons na Leeuwfontein naby Treurfontein (Coligny) geneem. Daar het ons in een klein huisie gebly.

My moeder was baie siek en daar is haar kindjie gebore, 'n dogtertjie. My vader het altyd 'n plan gemaak om te kom kyk hoe dit met ons gaan en dan gaan hy weer na die Komando toe. Eendag was hy weer by ons, my moeder was baie siek en ons was almal nog jonk, die een suster was drie jaar, en ek was omtrent vyf jaar die ander twee was ouer as ek. Ons het baie swaar gekry, daar toe stuur my tannie ons haar een dogter van Burgersdorp af, om my ma te kom oppas. Daar was nie veel om te eet nie.

Eendag sien ons die Engelse kom. My vader vlug toe weg. Ons kon sien hoe skiet hulle op hom, hy het nie 'n perd gehad nie, maar hy het gehardloop en veilig uit gekom. Ons was so verbaas dat hy ooit lewendig daar uitgekome het. Die offisier het van sy perd afgespring en die huis in gestorm hy het gevra "where are the Boers". Ons het een jong kuiken gehad hy het dit gevang en saam geneem op sy perd en weg gery.

Die geveg was eendag so erg. Hulle het op ons huis geskiet. My sustertjie van drie jaar het gelê en slaap in 'n tent wat ons daar opgeslaan het. My ma het vier maal gehardloop om die kind te gaan haal, maar hulle het so geskiet op die huis dat sy elke keer om gedraai het. Die vierde maal het sy geweld gebruik en die kind gegryp en in di: huis gebring.

Ons het my vader nie weer gesien nie.

G. M. S. Holder
gebore te Lichtenburg

Toe kom slaan hulle die Engelse laer daar op naby ons, en toe vra hulle my moeder om kamp toe te gaan. My moeder wou nie gaan nie, toe kom daar een ou man, Afrikaner, en sê as ons nie gaan nie, sodra hulle laer vertrek kom daar tien duisend kaffirs en vermoor voor die voet. My moeder het toe so bang geword, sy het nie geweet wat om te doen nie, want sy was nog siek, die baba was net tien dae oud.

Hulle het toe gesê ons moet nie bekommerd wees nie, ons sal alles daar kry, genoeg kos en klere.

My moeder het toe nie geweet wat om te doen nie, want hulle het gesê al die ander mense gaan ook kamp toe. Hulle sit ons toe op een wa en osse. Daar was hoeveel ander mense op die wa wat hulle ook weg stuur. Ons ry net nie te ver nie of hulle begin te veg. Moeder se hulle sien geen boere nie, maar hulle skiet op een plaas. Kom een Offisier met een klein bekertjie in sy hand en gee dit vir een van ons, die bekertjie is nou in Lichtenburg in die museum. My moeder het dit die heele oorlog bewaar. Ons kom toe by Frederikstad, toe jaag hulle die beeste uit die oop trein trokke uit, en sit agt huisgesinne in een trok. Dit was bitter koud en daar begin dit reënt. Ons reënt nat, my moeder met die swak baba. Ons het nie een droë draad om aan te trek nie, dit was een vreeslike winters reënt. Die water kon nie gou genoeg deur die gate loop nie, die mis was nog vol in die trokke.

Die stoom trein se vonke het so op my gewaai dat dit my klere gebrand het. Hulle stuur ons toe Potchefstroom toe. Die spoor het glo plekke weg gespoel en ons het die ander nag eers in Potchefstroom gekom. Daar laai hulle ons af en in een trollie ry die mense kamp toe. My moeder loop toe met my en die baba en die ander kind van drie jaar. Toe verdwaal ons, ons kom toe in die begraafplaas uit. Die ander twee kinders en niggie het hulle toe met die trolley weg kamp toe. Ons het so lank gewag, toe loop moeder maar, dus het ons toe verdwaal. 'n Nag waak kry ons en vra waar gaan ons heen, moeder se toe vir hom ek weet nie waar my ander kinders is nie, die trolley het my nog nie kom haal nie, toe loop ek maar. Hy help ons toe daar uit en ons kom toe by die kamp aan. Moeder sien toe 'n oop tent deur en gaan vra „sê my tog waar is my kinders". Dit was die tent van die jong man wat die mense aangery het kamp toe. Die jong man se ma sê toe nee moet hom tog nie roep nie hy kom nou net in. Hy ry al van vermore af al mense aan kamp toe. Moeder sê toe ag hy is net die man wat ek na soek. Die ou tante sê toe nee hy kan nie gaan nie die kind is dood moeg en honger, Moeder praat toe maar mooi en sê ek sal hom iets gee, ek dink 'n horlosie van my vader. Die kinders was in die laaste vrag wat hy afgelaai het by die kamp. Moeder kry toe die kinders in 'n ou gras dak huis. Hulle sit ons toe in 'n huis waarvan die dak bo oop is ons kon die lug daar deur sien.

Daar het ons byna almal beswyk van honger en siekte. Die baba het toe gesterf van honger en siekte, my moeder het nie melk vir haar gehad nie, sy was ses maande toe sy dood is. Ons was almal nog siek toe die kind van drie jaar ook sterf van honger en siekte. Ek was so klein en was die eenigste een wat gaan kyk het waar sy begrawe word, die ander kinders was te siek om begrafnis toe te gaan. Die lyke wat hulle moes begrawe het, het hoeveel voet hoog gestaan. Hulle het een kis op die ander gelaai, 'n heele vrag.

Ons het nie eers beddegoed gehad nie, ons het op paar springbok velle geslaap, op die harde grond. Die dak van die huis het toe in geval en hulle, het ons 'n tent gegee. Die tent was net so sleg, net een paar penne gehad en dit het sommer slap gehang. As dit reënt loop die water een kant in en die ander kant uit. Ons moes maar daar in bly. Hulle het ons steenkool gegee om vuur te maak, glad nie hout of planke nie. My moeder het vreeslik gesukkel want ons het gehuil van honger. Hulle het een sop Kombuis gehad waar hulle sop gekook het, maar as ma daar kom dan druk die mense so dat jy nie naby kan kom nie.

Party mense word flou hulle druk mekaar amper dood. Agterna sê hulle die sop is klaar dan moet jy maar om draai.

Laat in die nag wanneer mense slaap dan kom een man verby, hy skree dan hard opdaar is vleis ontvang, dan spring party mense op en hardloop slaghuis toe. Party kry maar die wat nie hardloop nie kry niks. Hulle het party keer in die dag ook vleis gegee maar hulle druk jou amper dood. My moeder het soms daar gestaan van sewe uur die more tot laat in die middag. Jy moet die briefie vir die vleis hoog in die lug hou dan vat die man so hier en daar een briefie, en naderhand sê hy julle kan maar huis toe gaan kom maar weer môre.

Ons was almal siek met kinkhoes en toe sê een ou tante vat jou kinders na die rivier en laat hulle in die lopende water sit. My ma sê toe „ag tante ek het al twee kinders verloor en wil nie hierdie ook verloor nie". Ma het ons toe later rivier toe geneem en rekent ons het beter geword.

My een suster was so ongelukkig sy het al die siektes wat omgegaan het gekry. Voor die baba dood is was sy so honger dat sy gehuil het en gesê „ag ma laat ek tog maar aan jou bors drink". Ma sê „ag my kind ek het nie eers melk vir ons baba nie.

Hout was daar nie, hulle stuur van die kamp laers af, ek sal sê (hands upper), dan kom hulle terug met groen doornboom takke wat die geel blommietjies nog aansit, ook geen byl. Hulle laat die vroueng die tak vat dan neem hulle die vrouens af, seker om die portrette England toe te stuur. Party van my susters was so mooi vir die Offersiers dat hulle gesê het hulle het nie geweet dat die boere in Suid Africa blou oë het nie. Hulle het gedink die boere bly in die veld en bosse. Hulle wou net my susters vat my ma sê „julle los my kinders" en hou haar baie kwaai.

My ma het eendag 'n kassie (box) gevra en die Kaptein het my ma aan haar bors of keel gevat en haar uit gestamp by die deur, hy was (Captain) Swart) my ma het gaan kla maar hulle het niks daar omtrent gedoen nie.

My suster het ook die maag werking gehad sy was baie siek, geen genade nie. Ek weet nie waar my moeder die ou vier gallon paraffin blik gekry het nie, maar ons het dit toe maar gebruik. Dit was so skerp dat die blik ons gesny het.

Daar was toilets in die kamp, maar die kamp was groot en 'n mens moes ver loop om by een toilet te kom. As jy daar kom dan sit hy vol mense dit was een lang ry seker omtrent twintig sitplekke, almal sit, kan nie op staan, maag so een afparsing.

As jy miskien bietjie sop kry dan dryf die wurms bo-op.

My ma het een paar skoene van my pa gehad (no. 9) dis al wat ma gehad het om aan te trek, anders moes sy kaal voet loop. Ons kinders was almal kaalvoet.

Ons het nie skool gegaan nie, daar was nie so iets soos skool nie.

Later was ons Merebank (Durban) toe gestuur. Ek kan nie veel daarvan vertel nie maar ek onthou net dat ons weer in trokke moes gaan. Wanaer die stoom engine deur die tonnells gaan, het ons byna dood versmoor in die vreeslike rook, wat het hulle omgee. Ons het sink kamers in

Merebank gekry net een, niks om op te sit of slaapnie. Ons was in die eerste ry Blok S. ry A. Kamer 10. Voor ons was die draad waarmee ons toegekamp was. Mens kon nie see toe gaan nie. Om by die hek te kom moes mens myle ver langs die draad loop en dan moet jy n pas hê. Die wag sê net n seker getal mag gaan. Eendag het ek na my ma toe gehardloop om saam te gaan see toe. Ons het meer as een jaar daar gebly, ook maar bitter swaar gekry, geen klere nie.

Ek weet nie hoe het my moeder geweet nie, maar ons hoor toe my pa kom terug. Ons kinders loop toe stasie toe ons het ons pa nie erken nie en hy het ons ook nie geken nie, ons was so verflenter. My vader het toe eers gehoor die twee kinders is dood.

Ons het nog n paar maande daar gebly toe stuur hulle ons weer terug met die trein. Ons het 10 dae en 10 nagte in die trein gery voor ons op Mafeking aangekom het. Ek weet nie of ons Vryburg of Kimberley om gery het nie. Ons het in die kamp op Mafeking n week gebly. Mense van Rooigrond het ons toe met n wa en osse kom haal en terug geneem huis toe.

Toe ons op Rooigrond kom was alles verniel. Ons huis is afgebreek en die klippe is omtrent een myl ver weg gery. Die Engelse het kraale gemaak vir hulle muile en perde.

Die blikke het hoe hoog gelê beef en sardines en ander soort blikke. Ons het een blik snyer daar op getel met n bees kop met n skerp punt daarop, om die blikke mee oop te sny. Die blik snyer en die een pas wat hulle ons gegee het is in Lichtenburg se museum.

Een ou vrou (mev. Smith) het vir my ouers een tent geleen en verder was daar niks kos, klere of komberse nie. Die lande wat vol gesaai was, was nou kaal lande.

Daar was die uitspanning op ons plaas somer naby aan die huis, toe het die convoy daar verby gery en uitgespan. Hulle muile was geel mielies gegee in hulle (nose bags), dan het daar soe hier en daar een mielie pit uitgeval, dan stuur my ma my en Hendrik van der Merwe as hulle weg is om dit op te tel.

My pa het toe by iemand n graaf geleen, hy het gespit en ons het die pitte in gegooi. Ek kan nie meer onthou hoeveel my pa daardie jaar gewen het nie met daardie bietjie mielies nie.

Later het my pa vir ons n huis gebou met rou steene, daar was nog nie cement nie. Hy het baie gesukkel om in Lichtenburg sink en hout te kry want daar was nie geld nie.

Naderhand het hulle n skool geopen in n groot tent. Ons moes ver loop want hulle het die skool tussen Grootfontein en Valleifontein gehad, sodat ons omtrent ewe ver moes loop skool toe. In die winter het ons byna dood gegaan van die koue sonder skoene of ordentlike klere. Daar was geen winkels nie. Die een kon nie die ander help nie, want almal het niks gehad.

In die skool was daar net een onderwyser, n hollander mnr. Zwarenstein. Naderhand was daar omtrent n 100 kinders want party het van ver gekom. Een onderwyser kon hulle nie almal behartig nie. Ek was omtrent nege of tien voor ek in die skool gekom het, na n paar jaar was ek en my suster Jakomina wat drie jaar ouer as ek was bietjie geleerd, toe het ons die meester gehelp om die ander kinders te leer met hulle tafels, opstelle en ander vakke. *my suster*

Toe ek viertien was het my oë baie swak geword, toe kon ek nie meer verder leer of skool gaan nie want daar was geen dokters nie.

Ek het toe die skool verlaat na ek std. IV gemaak het so kan u sien aan my skrywe dat ek nie groot geleerdheid gehad het nie.

Daar was kinders wat so arm was by die skool dat hulle flou geword het van honger. Een miesie het vallende siekte gekry. Een jaar het my vader darem koring gewen dus het ons darem brood skool toe gehad. Party mense het Kaboe mielies skool toe gebring, dan ruil ons dit by hulle, en gee vir hulle brood.

Die jare het maar swaar gegaan. Party keer het die oes koring, hawer of ander groente net mooi gestaan om te oes, dan kom die haal en slaan alles af. Daar was ook die Springkane, hulle het alles voor die voot gevreet.

Daar was een plaag na die ander en die droogte ook nog. Die mense moes ook voels jaag hulle het ook alles gevreet.

Koring was maar na hulle dit gemaal het een pond vir een sak.
Meel en aardappels was vyf shellings vir een sak.
Botter nege pennies en een shelling per pond.
Eiers ses pennies per dosyn.
Skape 10 shellings en party keer 1 Pond.
Afval 1/6.
Linne was (6 pence per yard).
lekkergoed 1 tiekie vir een groot pak alle sorte.
Material tiekie vir een yard.

In Mafeking was daar nie motors nie. Die eerste motor kar het van Lichtenburg gekom en is voor ons deur verby, net so met son onder. Ons het ons verwonder en nie geweet wat dit was nie. Die man het hoog in die lug gesit, dit was in 1902. Hy is toe deur Mafeking na Bulawayo. Die prentjie van die motor kar het ek ook in Lichtenburg se museum gesit.

Naderhand het hulle een dokter in Mafeking gehad, hy moes maar met een (bicycle) uit kom of met 'n perd waneer iemand siek is.

Daar was 'n ou vrou mev. Hamond en 'n ou kleurling vrou wat die kinders in die wereld gebring het. Hulle het die mense ook gedokter met al die ou medisyne, Lewens essence, wit dulsis, rooi laventil en nog al die ander soorte van Lennon.

In Mafeking se kamp het die mense ook swaar gekry, hulle het perde vleis gekry. 'n Engelse vrou het my vertel dat hulle stysel gaan koop het om pap te maak, maar toe die Offisiere dit agter kom, kon die mense dit nie meer te koop kry nie.

Dit was baie jare na die oorlog voor ons weer kon ordentlik lewe.

Ek en my twee ouer susters wat deur die oorlog gelewe het, het almal oud geword. Annie die oudste is nou drie en Regentig. Jakomina is op vyf en tagtig jaarige leeftyd orlede. Ek Sussanah is nou byna agt en tagtig.

My pa se jongste broer Casper Coetzee was na Ceylon gestuur.

S. M. S. Holder
gebore Coetzee